

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: "Van vriende gepraat..."

Skriflesing: Johannes 15:9-17

"Don't walk in front of me... I may not follow
Don't walk behind me... I may not lead
Walk beside me... just be my friend"
— Albert Camus

Broodjies vir die pad

"The trouble is not in dying for a friend, but in finding a friend
worth dying for."
— Mark Twain

Soos een wat op verlossing wag

êrens waar die sterre tuimel
uit die newels van 'n melkweg
êrens waar 'n towermaan
oor 'n dor en barre aarde skyn
breek 'n boom 'n klip
en kremetart sy onder hemele
oneindig wyd en ruim
diklyf, kaal en sonder skaamte
wring sy haar arms tot geraamte
en laat haar vingers teen die silwer nag skelet
sy skreeu 'n stil gebed
sy dors na reën
en hyg na wasem
sy roep die winde met haar laaste asem
en smee hul om die wolke
en die storm te gaan haal
sy spits haar ore vir die donderweer
haar oog verlang 'n weerligstraal

êrens waar die sterre val
en tuimel deur die newels van die nag
êrens waar 'n towermaan nog skyn
breek 'n boom 'n klip
en kremetart sy onder hemele
soos een wat op verlossing wag
van 'n drooggesuipte aarde ...
wat na water smag

Carma Shaw

- “1) I love you not for whom you are,
but who i am when i'm by your side.
- 2) No person deserves your tears,
and who deserves them won't make you cry.
- 3) Just because someone doesn't love you as you wish,
it doesn't mean you're not loved with all his/her being.
- 4) A true friend is the one,
who hold your hand and touches your heart.
- 5) The worst way to miss someone is,
to be seated by him/her and know you'll never have him/her.
- 6) Never stop smiling not even when you're sad,
someone might fall in love with your smile.
- 7) You may only be a person in this world,
but for someone you're the world.
- 8) Don't spend time with someone,
who doesn't care spending it with you.
- 9) Maybe God wants you to meet many wrong people,
before you meet the right one,so when it happens you'll be
thankful.
- 10) Dont cry because it came to an end,
smile because it happened.
- 11) There will always be people who'll hurt you,
so you need to continue trusting, just be careful.
- 12) Become a better person and be sure to know who you are,
before meeting someone new and hoping that person knows
who you are.
- 13) Don't struggle so much,
best things happen when not expected.”
— Gabriel García Márquez

Brood vir die pad

Klink 'n glasie op Suid-Afrika se opstanding

Cas Wepener

Ek droom van 'n Paastyd wanneer Suid-Afrikaners saam glase
sal klink en 'n bier op die opstanding drink.

Ek sien hom in my geestesoog – yskoud, perfek geskink met 'n
pragtige skuimkop. Die pad na die opstanding, en die bier
daarna, loop egter deur 'n graf en 'n begrafnis. Dit is nie die
begrafnis van 'n spesifieke Suid-Afrikaner nie, maar van 'n
groep – van Suid-Afrikaners (meervoud).

Die begrafnis is met ander woorde ons eie.

Uitgerekte sterwensproses

Reeds in die laat 1990's skryf Antjie Krog in haar boek *Country
of my Skull* oor Suid-Afrika en Suid-Afrikaners: “Bit by bit we
die into reconciliation.”

Verskeie waarnemers het tereg ook die oorgang van apartheid
na demokrasie in Suid-Afrika as 'n uitgerekte sterwensproses
beskryf.

Om van een bestel na 'n volgende te beweeg, gaan nie noodwendig gepaard met 'n vrolike huwelikeremonie nie, maar eerder met iets swaarders. Dit neig in die rigting van sterwe, dood en begrafnis.

Elisabeth Kübler-Ross se bekende vyf fases (ontkenning, woede, onderhandeling, depressie, aanvaarding) van haar sterwensproses sou gebruik kon word om te help verduidelik hoe die oorgangsproses(se) in ons land lyk en hoekom dit lyk soos dit lyk.

So byvoorbeeld sou die reaksie van sommige mense tydens die sittings van die Waarheid-en-versoeningskommissie in die laat 1990's op die eerste fase van sogenaamde ontkenning neergekom het en is dit gesien as 'n goeie en gesonde begin.

Die uitdrukkings van woede wat waargeneem kan word, pas in die tweede fase, en só kan 'n mens voortgaan deur die onderhandeling en depressie op pad na die ideaal van aanvaarding.

Kluite moet klap op ou bedeling

Soveel waarnemers, soveel opinies, en hier is my eie stuiwer in die armbeurs: Dis tyd dat ons as nasie nou klaarkry met ons sterwensproses en doodgaan.

Dit is 24 jaar ná '94 en 'n argument vir die belang van 'n nimmereindigende sterwensproses met al die gepaardgaande lamentasies kan ook 'n soort uitstel word om die eintlik onvermydelike nog verder uit te stel.

Wat so uitgestel word, is die feit dat die kis moet sak, die roosblare moet val en die kluite finaal moet klap op die dood van 'n ou bedeling en sy mense.

Ons moet aanbeweeg, en om sinvol en betekenisvol te kan aanbeweeg, moet wat was ses voet ses ingespit word met 'n goeie gepaardgaande Afrika-begrafnis en al die bykomende rituele.

'n Calvinistiese begrafnis wat sommer tjoeftjaf sonder enige seremonie afgehandel word binne die bestek van 'n uur gaan ons nie hier help nie.

Nee, as 'n nasie moet ons nou klaar sterf en dan moet ons 'n regte egte Afrika-begrafnis kry.

'n Mens moet in ag neem die voorvereiste vir opstanding is nie nimmereindigende sterwensfasies nie, maar die dood. Geen opstanding is moontlik sonder die finaliteit van sterwe en, kom ons voeg daarby, 'n begrafnis nie.

Dit klink dalk morbied, maar die goeie nuus is dat dit een ding is waarmee Suid-Afrikaners nogal besonder goed is. Ons het 'n talent vir begrafnis hou en ons moet dit benut.

In die meeste gemeenskappe in ons land word die hele Saterdag week ná week opsy gesit vir hierdie belangrike ritueel, van oom Willem se begrafnis in Zeerust (à la Anton Goosen) tot met Welile se begrafnis in Zwelitsha. Albei is vir ons van waarde sodat ons wat was kan begrawe en die opstanding 'n moontlikheid kan maak.

Daar is verskeie bronne waaruit daar geput kan word, soos die manier waarop begrafnisse steeds in sekere dele van die platteland in Afrikaanse gemeenskappe gevier word, of oom Willem se testament wat ten opsigte van sy begrafnis lui: "Gaan gou eers na die stadsaal vir 'n opskop-boereparty/ ek wil nie trane sien of hoor wees vrolik en wees bly,/ vier fees en hou makietie en dink dan so aan my."

Xhosa-tradisie

'n Beter bron as oom Willem se testament vir dit wat ons nodig het, glo ek, kom uit die Xhosa-tradisie, wat ek leer ken het in navorsing wat ek jare gelede in Langa gedoen het. Ek lig net

drie van die vierings wat deel is van die begrafnis uit en probeer kyk of hierdie vierings vir ons as nasie ook van waarde kan wees.

Eerstens word die persoon op 'n Saterdag begrawe. Die begrafnisdiens duur egter van die Vrydagaand en regdeur tot en met die Saterdagdaand. Daar is verskeie preke, kore, toesprake en wat nog alles.

Die idee is nie om die persoon te verheerlik nie, glad nie, maar wat jy wel weet wanneer jy daar weggaan, is dat Willem of Welile inderdaad nie meer met ons is nie. Dit is anders as die halfuur lange he-rin-neringsdiens van sommige kulture met geen lyk in sig nie.

En dan, tweedens, die Sondag net ná die Saterdag se uitgerekte begrafnisdiens en teraardebestelling, is daar 'n seremonie wat die fees van Amanzi (water) genoem word. Die persoon se dood verswak die familiekring wat agtergebly het, want een persoon in die netwerk van verhoudings in die familiekring en gemeenskap is weg. 'n Deel van die krag van die eenheid van die familie is nie meer daar nie en daarom moet die familie nou weer hande vat, in hierdie tyd nog meer as voorheen. Die netwerk van verhoudings in die nabye kring moet gereorganiseer en daarna versterk word.

Die fees van Amanzi het glo sy naam te danke aan die gebruik in die Xhosa-kultuur om vir iemand wat geskrik het water te gee om te drink (sommige kulture ken suikerwater). Die familiekring waarin die dood voorgekom het, het dus geskrik en daarom versterk en herbelyn hierdie ritueel daardie bande weer. Die ritueel self bestaan uit 'n groot ete waaraan die hele familie deelneem.

Derdens is daar nog 'n ritueel 'n week later wat genoem word "Om die pikke te was". Dit is 'n verwysing na die pikke waarmee die graf gegraaf is wat gewas moet word. Wat gedoen word vir hierdie ritueel, is dat die familie umqombothi (bier) maak en die groter gemeenskap nooi om dit saam met hulle te geniet. Só word nie net die nabye familiebande versterk nie, maar ook die bande met die groter gemeenskap word gereorganiseer en versterk.

Oorbrug grense

Ek dink ons het ook in Suid-Afrika so 'n lang begrafnis nodig, want dis tyd dat almal weet, onteenseglik weet, wat was is wraggies nie meer nie. Daardie besef van finaliteit, die wete dat die (soort) verhoudings wat was, vir altyd weg is, verg dan juis ook dat nuwe bande gesmee word, in eie kring, maar ook, en baie belangrik, in die breër samelewing.

Só word grense oorbrug en mure afgebreek.

Die dag nadat Suid-Afrikaners die laaste kluit laat klap op die kis van dit wat was en aktief nuwe verhoudings aangaan, is die dag waarop ons 'n biertjie kan skink, die glase oor grense heen laat klingel en saam uitroep: "Op die opstanding!"

Cas Wepener is professor en hoof van die departement van praktiese teologie van die Universiteit van Pretoria. Die dag nadat Suid-Afrikaners die laaste kluit laat klap op die kis van dit wat was en aktief nuwe verhoudings aangaan, is die dag waarop ons 'n biertjie kan skink, die glase oor grense heen laat klingel en saam uitroep: "Op die opstanding!"

** Cas Wepener is professor en hoof van die departement van praktiese teologie van die Universiteit van Pretoria.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/klink-n-glasie-op-suid-afrika-se-opstanding-20180427>